

**20 Oktober**

**Skrifgedeelte: Psalm 22**

**Fokusgedeelte: Psalm 22:22b-23**

**My lewe is in God se hand, daarom sal ek getuig: Hy het my nooit verlaat nie**

Dit gaan nou goed met jou, sommer baie goed in vergelyking met hoe dit 'n jaar of meer gelede gegaan het. Toe het jy nie werk gehad nie, was jy miskien ernstig siek, was jou kind vasgevang in die greep van die dwelmonster.

By die skryf van hierdie Psalm kon Dawid ook so terugkyk en julle twee sou saam kon praat. Hy was ook ernstig siek en boonop nog vervolgd. Eenkant toe geskuif deur mense wat eintlik naby moes wees.

Ja, inderdaad, stem jy saam. Toe die eerste berig van jou beproewing gehoor is, was daar nog besoeke. En hoe langer die beproewing aangehou het, hoe minder het die besoeke geword. Maar die ergste was die kere toe jy midde in die beproewing gebid het, en dit het gevoel asof die Here ook ver weg is, selfs jou verlaat het.

Deur die Gees gelei, het Dawid egter nie opgehou om tot God te bid nie. Deur die Gees gelei het Hy ook die genade en trou van die Here onthou. Jy het dit ook gedoen. En wat het gebeur ...?

God het die gebed verhoor! Dawid het getuig sy lewe was nog die heelyd in God se hand, selfs toe dit vir hom gevoel het of hy van God verlaat was. Dawid het dit vir ander gelowiges gaan vertel, die Here geprys en geloofsgenote geroep om ook die Here te prys.

Jou gebed is verhoor. Vandag weet jy dat God jou nooit verlaat het nie, want sy belofte in Christus is waar. Wat jy gevoel het, het met sy eie geliefde Seun regtig gebeur.

Het jy al vir ander gelowiges vertel? Prys jy God vir sy genade? Gaan vertel vir ander wat nou van God verlate voel, sodat hulle God steeds kan aanroep as hulle God.

*Psalm 22:9, 10 (1936-beryming)*

*Ds CCA Vrey (Rustenburg-Noordoos)*